[21]

PRETORIA
14 FEB. 1992

S.S. VAN DER MERWE
KODESA-SEKRETARIAAT
POSBUS 307
ISANDO

Received 20/02/92.

MENEER
EK HET MY GEVOEL EN OORTUIGING OMTRENT DIE SOGENAAMDE "NUWE SUID-AFRIKA" VAN DIE NASIONALE PARTY OP 'N EERLIKE MANIER OP PAPIER NEERGESIT EN EK IS OORTUIG HONDERDE DUISENDE BLANKES SAL DIE HUIDIGE BLANKE VOLKSREPUBLIEK MET HULLE LEWENS VERDEDIG EN DAT HULLE NET SOOS EK DAAROOR VOEL. DIT IS NIE 'N POLITIEKE SIENING NIE — EK BEHOORT NIE AAN 'N POLITIEKE PARTY NIE. DIT IS SLEGS 'N LOGIESE SIENING, NIE IETS ANDERS AS DIE WAARHEID EN DIE WERKLIKHEID NIE.
EK HET ALLE SIMPATIE MET DIE ONONTWIKKELDE, PRIMITIEWE DERDEWÊRELDSE SWARTES. EK HET ONGEVEER 70 VAN HULLE IN DIENS EN PROBEER HULLE SO VER AS MOONTLIK HELP, MAAR EK KAN HULLE NIE MEER BETAAL AS WAT EK KAN BEKOSTIG NIE, ANDERS GAAN MY ONDERNEMING TEN GRONDE.

DIE SWARTES HET HULLE LEWENS AAN DIE BLANKES TE DANKE, WANT AS DIT NIE VIR DIE BLANKES WAS NIE, SOU DIE VERSKILLENDE SWART STAMME MEKAAR AL LANKAL UITGEROEI HET. HULLE IS OOK DANK VERSKULDIG AAN DIE BLANKES VIR DIE HONDERDDUISENDE WERKGELEENTHEDE AAN HULLE GEGEE AS HANDEWERKERS (MET OOR DIE ALGEMEEN 'N BAIE LAE PRODUKTIWITEIT) IN ONS HUISE, OP ONS PLASE, JA ORAL OOK IN ONS NYWERHEDE.
AS SUID-AFRIKA 'N EENHEIDSTAAT ONDER 'N SWART REGERING SOU WORD, SAL EK OORWEEG OM MY ONDERNEMING WAARVOOR EK 35 JAAR GESWOEG EN GESWEET HET OM DIE NODIGE KAPITAAL TE VERKRY, VERKOOP EN MY KAPITAAL ELDERS BELÊ, EN DIE 70 SWARTES ONTSLAAN, EN HULLE SAL NIE ELDERS WERK KRY NIE.


DIE ALTERNATIEF TOT TUISLANDE AZANIË EN ORANJE VIR RESPEKTIEWELIK NIE-BLANK EN BLANK IS GRENSLOSE ELLENDE VIR ALBEI GROEPE, MOORD, REBELLIE, BURGER-OORLOG TUSSEN BLANK EN BLANK, WANORDE, OPSKORTING VAN WERKGELEENTHEDE VIR SWARTES DEUR BLANKES, BOIKOTTE DEUR BLANKES TEEN ALLE VORMS VAN

HULP AAN SWARTES, ONTTREKKING VAN BUITELANDSE BELEGGINGS, ONTTREKKING VAN PLAASLIKE BELEGGINGS DEUR BLANKES IN SUID-AFRIKA, VOLSKAALSE EMIGRASIE VAN BLANKES, EN DIE VERVAL VAN WESTERSE STANDAARDE, ASOOK DIE ALGEMENE VERVAL VAN DIE LAND TOT AFRIKA-BESKAWINGSVLAK MET GEPAARDGAANDE WERKLOOSHEID, HONGERSNOOD, EN ARMOEDE. DAAR IS TALLE VOORBEELDE IN AFRIKA HIERVAN. VIGS SAL DIE OORBLYWENDES UITROEI.

DIE UWE

M. LUTHER.

# DIE NUWE SUID-AFRIKA: VERDEEL IN TWEE VRYSTATE AZANIË EN ORANJE




## DIE BEGINSEL VAN VERDEEL EN LEEF

DIE DIAGRAM KAN OOK AS ONTWERP VIR'N NUWE LANDSVLAG DIEN.

- APARTHEID IN SUID-AFRIKA IS DOOD, EN IS OORNAG VERVANG MET DIE KLASSEVERSKIL TUSSEN DIE BLANKES VAN WESTERSE BESKAWINGSVLAK EN DIE ONONTWIKKELDE SWARTES VAN AFRIKA. DIE VERSKIL IS DUS NIE AS GEVOLG VAN RAS NIE, MAAR AS GEVOLG VAN BESKAWINGSVERSKILLE.

- MEESTE VAN DIE BLANKES IS HIER GEBORE, EN HET GESLAGTE LANK HARD GEWERK, KAPITAAL VERGADER, GROND GEKOOP, GEBOUE, DORPE EN STEDE OPGERIG VOLGENS WESTERSE STANDAARDE, EN OOK GEVEG DAARVOOR WANNEER DIT NODIG WAS. HULLE HET HULLE EIE KULTUUR HIER GEVESTIG, HUL EIE REPUBLIEKE GESTIG, EN BESIT TANS 'N EIE BLANKE VOLKSTAAT WAT 87% VAN DIE LAND SE OPPERVLAKTE BESLAAN, SOWEL AS 98% VAN DIE NYWERHEDE, EN 95% VAN DIE RYKDOM.

- AS GEVOLG VAN DIE OPKOMENDE SWART NASIONALISME WIL DIE SWARTES NOU DIE BLANKE VOLKSTAAT "OORNEEM" BLOOT MET BEHULP VAN HULLE GETALLE, OM DIT TE BESIT, ALLES TE NASIONALISEER, EN DAAROOR TE REGEER DEUR MIDDEL VAN EEN MENS, EEN STEM. DIE BLANKES SAL DIT EGTER NOOIT TOELAAT NIE, AANGESIEN DIE SWARTES BLOOT TOESKOUERS EN HANDLANGERS WAS IN DIE ONTWIKKELING VAN SUID-AFRIKA.

- NAAS SY CHRISTELIKHEID (WAT VOORKOM HET DAT HY DIE INBOORLINGE UITWIS SOOS IN O.A. AMERIKA EN AUSTRALIË GEBEUR HET) IS SY SELFBESKIKKING EN SY GRONDBESIT VIR DIE BLANKE VOLK DIE BELANGRIKSTE. 'N EENHEIDSTAAT SAAM MET DIE SWARTES IS VIR HOM TOTAAL ONAANVAARBAAR.

- DIE REGERING WAS BY MAGTE OM DIE PROVINSIALE RADE OF -REGERINGS AF TE SKAF. DIE EENVOUDIGE OPLOSSING VIR BOGENOEMDE PROBLEME IS DUS OM DIE LAND IN TWEE STREKE TE VERDEEL SONDER 'N SENT SE ONKOSTE, EN DIE STREKE TE NOEM AZANIË EN ORANIË, VIR DIE SWARTES EN BLANKES RESPEKTIEWELIK. WENTEL DAN DIE REGERINGSMAG AF NA TWEE STREEKREGERINGS, EN ELKE STREEK HET DAN SY EIE EENHEIDSTAAT OF GEMENEBES VAN STATE NET SOOS HY VERKIES, MET SY EIE RESPEKTIEWELIKE STAATSPRESIDENT, REGERING, KABINET, PARLEMENT, STEMREG VAN EEN MENS, EEN STEM, GRONDBESIT WEERMAG, POLISIEMAG, ONAFHANKLIKE REGSBANK, ONDERWYSSTELSEL EN HANDVES VIR MENSEREGTE.

  DIE MENSE VAN AZANIË EN ORANIË WOON DAN APART MAAR WERK SAAM IN ALMAL SE BELANG.

- OORKOEPELEND EN GESAMENTLIK MOET DIE TWEE STREKE DAN, GEDURENDE 'N OORGANGSTYDPERK NA ONAFHANKLIKE TWEELING-REPUBLIEKE STATUS, 'N OORHOOFSE PRESIDENTSRAAD HÊ BESTAANDE UIT DIE TWEE PRESIDENTE MET HULLE KABINETTE EN HOOFAMPTENARE, OM SAKE VAN GEMEENSKAPLIKE BELANG TE HANTEER. NA DIE OORGANGSTYD VAL DIE PRESIDENTSRAAD NET WEG.

- DIE BELANGRIKSTE SAKE WAT DIE PRESIDENTSRAAD MOET REËL IS WATERVERSKAFFING AAN ALLE DELE VAN DIE TWEE STREKE, DIE KONSOLIDASIE VAN AZANIË, EN DIE UITBREIDING VAN DIE BELASTINGBASIS SODAT ALMAL 'N LAER VASTE BASIS VAN BELASTING KAN BETAAL (BV. 'N VASTE 15% SOOS TANS IN HONG KONG) OM DIE EKONOMIE AAN TE HELP. 'N MEESTERPLAN IS NODIG VIR DIE KONSOLIDASIE.

- AANVANKLIK SAL AZANIË BESTAAN UIT AL DIE ONAFHANKLIKE SWART STATE EN NASIONALE STATE DEUR DIE NASIONALE PARTY DAARGESTEL. CODESA SE HULP KAN INGEROEP WORD OM DIE TUISLANDE WAT DEUR DIE ENGELSE GESKEP IS NL. BOTSWANA, SWAZILAND EN LESOTHO, BY AZANIË TE LAAT AANSLUIT. (BOTSWANA WAS VROEËR 'N DEEL VAN KAAPPROVINSIE) VERDER MOET MUNISIPALITEITE DWARSDEUR SUID-AFRIKA ALLE SWART DORPE EN WOONGEBIEDE OORDRA AAN AZANIË. VERDER MOET DIE HUIDIGE REGERING (DAN ORANIË SE REGERING) AL DIE TRUSTGRONDE VANTEVORE VIR KONSOLIDASIE VERKRY, AAN AZANIË OORDRA. DAN MOET 'N STAANDE KOMITEE VAN DIE NUWE PRESIDENTSRAAD 'N <u>MEESTERPLAN</u> OPSTEL EN DEUR UITRUILINGS EN VERKOPINGS VAN GROND TUSSEN ORANIË EN AZANIË TE MONITOR, DIE MEESTERPLAN AAN TE PAS TOTDAT 'N 50-50 OPPERVLAKTE-VERDELING VAN DIE TOTALE AREA VERKRY IS. DIE KONSOLIDASIE MOET OP 'N WETENSKAPLIKE WYSE VOLKOME BEHEER WORD. WAAR NODIG, MOET GROTER GEDEELTES VAN AZANIË MET 90°-AANSLUITINGS VIR MAKLIKE DEURGANG NA WEERSKANTE VERBIND WORD. AZANIË KAN VAN DAG 1 AF WERK AL BESTAAN HY VIR EERS UIT APARTE LOS GEDEELTES, SOOS TANS DEUR BOPHUTATSWANA BEWYS WORD.

- PRAKTIES GESPROKE SAL DIE VOLGENDE WYSIGINGS ONMIDDELLIK NA DIE BESLUIT OM SUID-AFRIKA IN TWEE TE VERDEEL, SOOS HIERBO GESKETS, GENEEM IS, KAN GEBEUR:


- DIE TWEE STERKSTE PARTYE IN DIE HUIDIGE PARLEMENT, WAT DAN ORANIË SE PARLEMENT WORD, KAN 'N "PAKT" VORM OM DIE "AFSTIGTING" VAN AZANIË DEUR TE SIEN OP 'N ORDELIKE MANIER, EN DIE LENGTE VAN DIE OORGANGSTYDPERK VAN 10 TOT 50 JAAR TE HELP BEPAAL. (DIT BETEKEN 'N KOALISIE-REGERING VIR ORANIË MET 'N NUWE REGERING VIR AZANIË)
- CODESA KAN INGESPAN WORD OM 'N GRONDWET VIR AZANIË OP TE STEL EN TE HELP MET DIE EERSTE VERKIESING VAN AZANIË VIR 'N NUWE SWART REGERING.

- BLOEMFONTEIN KAN DIE SENTRALE HOOFSTAD VAN ORANIË WORD EN OM DIE NASIONALE GEVOEL VAN DIE AZANIËRS AAN TE WAKKER KAN 'N NUWE HOOFSTAD VIR HULLE NET OOR DIE GRENS IN DIE HUIDIGE BOPHUTATSWANA (TANS IN DIE OOS-VRYSTAAT) BEPLAN WORD WAT HULLE SELF MET

OORSESE KAPITAAL KAN BOU. TUSSEN DIE TWEE HOOFSTEDE, OP DIE HUIDIGE GRENS, KAN 'N GEBOU VIR DIE NUWE OORKOEPELENDE PRESIDENTSRAAD, DAN OPGERIG WORD.


- AZANIË KAN DAN SELF SY DORPE EN WOONBUURTES OPGRADEER, EN SY OORBEVOLKING BEKAMP WAARVOOR DIE SWARTES SELF VERANTWOORDELIK IS. AZANIË KAN DAN TEEN SY EIE TEMPO ONTWIKKEL, NYWERHEDE MET SY EIE MENSE TOT STAND BRING, EN GAANDEWEG DIE BESKAWINGSVLAK VAN SY INWONERS VERHOOG.
- DIE BLANKES VAN ORANIË SAL RUSTIG EN KALM WEES EN VOORTGAAN OM DIE MAKSIMUM AANTAL WERKSGELEENTHEDE TE VERSKAF, AAN AZANIË SE ONDERONTWIKKELDES, IN HULLE HUISE, OP HULLE PLASE EN IN HULLE DORPE EN STEDE.

  BLANKES KAN GESEKONDEER WORD OM AZANIË TE HELP OM SY EIE STAATSDIENS EN ONDERWYSSTELSEL TE VESTIG, BV. BLANKES BINNE 10 JAAR VAN AFTREDE, IN WELK GEVAL HULLE DAARNA KAN AFTREE EN NIE AFGEDANK WORD SOOS TANS NIE, TOTDAT AZANIË OOR SY EIE SWART AMPTENARY BESKIK.
- NIKS IS BILLIKER AS 50-50 NIE, EN GEEN "CHECKS AND BALANCES" VAN 'N EENHEIDSTAAT SAL DIESELFDE RUS EN VREDE KAN VERSKAF NIE
- SO LYK STAP 1 NA DIE AFSTIGTING VAN AZANIË:



⑤


• SO KAN STAP 2 VAN DIE MEESTERPLAN LYK:





" VERDEEL EN LEEF "

PRETORIA

1 JAN. 1992


AZANIË-NOORD
ORANIË-NOORD
ORANIË-SUID
AZANIË-SUID
SWART TUISLANDE DEUR DIE ENGELSE GESTIG
SWART TUISLANDE DEUR DIE NASIONALE REGERING GESTIG




ONAFHANKLIKE STATE DEUR DIE ENGELSE GESKEP

ONAFHANKLIKE EN NASIONALE STATE DEUR DIE NASIONALE REGERING GESKEP

VOORGESTELDE KONSOLIDASIE VAN HIERDIE STATE OM AZANIË TE VORM.

RAAKPUNTE TUSSEN TEENOORGESTELDE GEDEELTES VAN STATE MET PADKRUISINGS OM GEDEELTES TE VERBIND